Aros

# AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## JAARBOEKINLIGTING 2027

### 1. Baccalaureus Educationis Honneurs in Kurrikulumstudie (SAKO-nr. 124616)

**Waarop fokus die program?** Die BEd Honneurs in Kurrikulumstudie fokus op gevorderde kennis en vaardighede in kurrikulumteorie, -ontleding en -ontwerp. Studente ontwikkel die vermoë om relevante en innoverende kurrikula te ontwerp, geloofsperspektiewe sinvol te integreer en e-leer-tegnologieë doeltreffend binne digitale onderwysomgewings toe te pas.

**Waarom is dit belangrik vir gekwalifiseerde opvoeders?** Die program verdiep opvoeders se professionele praktyk deur hulle te leer om 'n kritiese en reflektiewe benadering tot kurrikulumvraagstukke te ontwikkel. Dit hou studente op hoogte van hedendaagse onderwys- en e-leertendense en bemagtig hulle om ingeligte bydraes tot kurrikulumvernuwing en die bevordering van onderwysgehalte te lewer.

**Wat kan studente met die kwalifikasie doen?** Die kwalifikasie berei studente voor vir verdere nagraadse studie op meesters- en doktorale vlak binne die vakgebied van hul keuse. Dit skep ook geleenthede vir kurrikulumleierskap en professionele rolle binne skole, hoër onderwys en breër onderwyskontekste.

**Toelatingsvereistes**

- 'n Professionele vierjaar-onderwysgraad; OF
- ‘n Toepaslike baccalaureusgraad en ‘n erkende professionele onderwyskwalifikasie; OF
- ‘n Professionele vierjaar-onderwyskwalifikasie, asook ‘n gevorderde diploma in ‘n verwante subveld van die onderwys; EN
- ‘n Minimum gemiddelde punt van 60% vir die bogenoemde voorvereiste verwerfde kwalifikasie

**Let asb. op die volgende belangrike inligting:**

- Indien ‘n voornemende student oor die voorvereiste kwalifikasie beskik, maar nie ‘n minimum gemiddelde punt van 60% vir hierdie kwalifikasie behaal het nie, kan hy/sy steeds aansoek doen indien hy/sy ten minste vyf jaar se werksondervinding ná werwing van die kwalifikasie opgedoen het. ‘n Bewys van onderwyservaring moet verskaf word deur middel van ‘n gestempelde briefhoof van die betrokke skool/skole waarin ervaring opgedoen is.
- Studente wat nie ‘n navorsingsmodule op voorgraadse (vlak 7) voltooi het nie, moet ‘n addisionele navorsingsmodule tydens die eerste studiejaar voltooi en die deeltydse opsie kies.
- Toelating van studente vind plaas volgens die kapasiteit van studieleiers en ook na goeddunke van die Toelatingskomitee om te verseker dat voornemende studente oor die nodige akademiese vermoëns beskik wat vir ’n NKR-vlak 8-kwalifikasie vereis word.

**Kwalifikasie-inligting**

- Minimumvoorvereiste: Baccalaureusgraad
- NKR-vlak: 8

- Minimum tydperk: 1 jaar
- Verlengde program: 2 jaar

**Metode van aanbieding**

- Die kurrikulum word deur middel van afstandsonderrig aangebied. Die lesings word weekliks op e-Klas (Aros se amptelike aanlyn leerplatform) beskikbaar gestel.
- Addisionele ondersteuning word deur middel van interaktiewe aanlyn sessies gebied. Tydens hierdie sessies kan u vrae aan dosente stel en verdere toeligting ontvang. Die sessies word opgeneem en word later op e-Klas vir besigtiging beskikbaar gestel.
- Dosente en assistente is beskikbaar vir konsultasies via e-pos, aanlyn of op kampus.
- Toetse en eksamens word aanlyn afgelê (Maandag tot Saterdag: tydens die dag of vroegaand). Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

**Koste per jaar in 2027**

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2027)
- Klasgeld: R50 510.00
- Handboekkoste (ongeveer): R7 500.00

**Beskikbare kurrikulums**

**O503P**

**Kwalifikasie met onderskeiding**

'n Student wat 'n gemiddeld van 75% vir al die kern- en elektiewe modules behaal het, behaal die kwalifikasie met onderskeiding.

**Programuitkomste**

Ná die voltooiing van hierdie program is dit Aros se verwagting dat 'n gegradueerde oor die volgende eienskappe en vaardighede sal beskik:

- toon 'n grondige en wesenlike begrip van die filosofie van die opvoedkunde en van onderrig en leer vanuit 'n Christelike perspektief;
- toon grondige kennis van, betrokkenheid by en die vermoë om kurrikulum, kurrikulumontwikkeling en kurrikulumontwerpteorieë, -take, -tegnieke en -vaardighede in 'n opvoedkundige konteks toe te pas;
- pas die filosofiese, epistemologiese en antropologiese grondslag van Christelike kurrikulumteorie op kurrikulumontwikkeling en -evaluering toe;
- voer navorsing uit en lewer krities en analities verslag oor bevindings en aanbevelings;
- evalueer wêreldwye kurrikulumtendense en vergelyk elemente van kurrikulums van verskeie onderwysstelsels ten einde voorstelle vir eie kurrikulumverbetering aan die hand te doen; en
- toon 'n ingeligte begrip van die teorie en praktyk met betrekking tot e-leer en assessering in die onderwys.

**Kurrikulums**

## O503P

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | KURS611 | 10 | 8 | COKU611 | 10 | 8 | ASOW621 | 10 | 8 | ELEE621 | 10 | 8 |
| | NAVS611 | 4 | 8 | NAVS611 | 8 | 8 | KOOW621 | 10 | 8 | FLOE621 | 10 | 8 |
| | OLTP611 | 10 | 8 | PNAV631 | 4 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 |
| | PNAV631 | 2 | 8 | VEKU611 | 10 | 8 | | | | | | |
| | | **26** | | | **32** | | | **32** | | | **32** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **122** | | | | | | | | | | |

## O503P (Voorbeeld van verlengde kurrikulum)

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | KURS611 | 10 | 8 | COKU611 | 10 | 8 | ASOW621 | 10 | 8 | ELEE621 | 10 | 8 |
| | OLTP611 | 10 | 8 | VEKU611 | 10 | 8 | KOOW621 | 10 | 8 | FLOE621 | 10 | 8 |
| | | **20** | | | **20** | | | **20** | | | **20** | |
| **Jaar 2** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | NAVS611 | 4 | 8 | NAVS611 | 8 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 |
| | PNAV631 | 2 | 8 | PNAV631 | 4 | 8 | | | | | | |
| | | **6** | | | **12** | | | **12** | | | **12** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **122** | | | | | | | | | | |

## Modules en voorvereistes

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ASOW621 | Assessering in die Onderwys | 8 | 10 | | | |
| COKU611 | Religie, Kurrikulumteorie en -ontwerp | 8 | 10 | | | |
| ELEE621 | E-leer | 8 | 10 | | | |
| FLOE621 | Filosofie van die Opvoeding | 8 | 10 | | | |
| KOOW621 | Kurrikulumontwikkeling en -ontwerp | 8 | 10 | | | |
| KURS611 | Kurrikulumstudie | 8 | 10 | | | |
| NAVS611 | Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing | 8 | 12 | | | |
| OLTP611 | Onderrig en Leer in Teorie en die Praktyk | 8 | 10 | | | |
| PNAV631 | Opvoedkundige Navorsing | 8 | 30 | | | NAVS611 |
| VEKU611 | Kurrikulumstudie: Internasionale Vergelykende Perspektiewe | 8 | 10 | | | |

## Module-uitkomste

**ASOW621** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**Assessering in die Onderwys**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- begrip van konsepte, teorieë, vaardighede en assesseringsbeginsels in verskillende kontekste en leerareas toon;
- begrip van die seleksie, toepassing en evaluering van doeltreffende assesseringspraktyke in verskillende kontekste en leerareas toon; en
- assessering op ’n kritiese wyse kan ondersoek, beplan, skep, implementeer en hersien om die gehalte van onderrig en leer in verskillende kontekste en leerareas te verbeter.

**COKU611** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**Religie, Kurrikulumteorie en -ontwerp**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die filosofiese grondslag van ’n Christelik-Reformatoriese kurrikulum kan vergelyk met die filosofiese grondslag wat ander kurrikulumoriëntasies onderlê;
- die ooreenkomste en verskille tussen Christelik-Reformatoriese kurrikulumteorie en -ontwerp asook die van ander geloofstelsels kan analiseer;
- diepgaande begrip van die kurrikulêre implikasies van ’n Christelik-Reformatoriese epistemologie toon;
- die kurrikulêre implikasies van Christelik-Reformatoriese antropologie kan bespreek; en
- ’n Christelik-Reformatoriese vak-/leerarea-kurrikulum in ’n spesifieke skoolfase kan ontwikkel.

**ELEE621** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**E-leer**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- begrip toon van onderwysteorieë wat as grondslag vir e-leer dien, soos behaviorisme, kognitivisme en konstruktivisme;
- kennis toon van e-leerkonsepte en begrip van e-leertipes sowel as beginsels wat as grondslag vir doeltreffende e-leer dien;
- die vermoë toon om ’n doeltreffende e-leerstrategie binne ’n toepaslike onderwys-konteks te ontwerp; en
- die vermoë toon om ’n reeks gespesialiseerde vaardighede in die veld van e-leer aan te wend ten einde probleme te identifiseer, te analiseer en die hoof te bied deur van e-leeraktiwiteite gebruik te maak.

| FLOE621 | Krediete: 10 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

**Filosofie van die Opvoeding**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vermoë demonstreer om 'n persoonlike wêreldbeskouing en filosofiese raamwerk met betrekking tot die onderwys te formuleer;
- kennis demonstreer van en betrokke wees by prominente filosofiese, pedagogiese tekste en denkers asook kontemporêre onderwysteorieë oor kwessies soos onderrig en leer, skole en die kurrikulum, wat 'n gesprek vanuit 'n Christelike perspektief op die onderwys sal insluit; en
- die vermoë toon om te kommunikeer en idees en teorieë oor die onderwys aan te bied deur kreatiewe insigte, akkurate interpretasies en oplossings vir probleme en kwessies wat binne die Suid-Afrikaanse konteks ter sake is op 'n doeltreffende wyse te bied.

| KOOW621 | Krediete: 10 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

**Kurrikulumontwikkeling en -ontwerp**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kurrikulumterminologie krities kan bestudeer: kurrikulumontwikkeling versus kurrikulumontwerp;
- benaderings tot kurrikulumontwikkeling op skoolvlak krities kan bestudeer (op primêre en sekondêre vlak);
- onderrigmetodes kan ondersoek wat in diverse skoolomgewings gebruik kan word deur unieke leeruitkomstes en assesseringstandaarde vir kurrikuluminhoud op skoolvlak te ontwikkel; en
- kennis van die minimumvereistes op tersiêre vlak van onderwysersopleidingsprogramontwikkeling sowel as departementele beleide toon.

| KURS611 | Krediete: 10 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

**Kurrikulumstudie**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- krities betrokke kan raak by die historiese oorsprong van kurrikulum as veld en landskap wat voortdurend verander;
- die vermoë toon om verskeie inligtingsbronne in kurrikulumstudies as 'n sosiaal-wetenskaplike navorsingsarea te ondersoek;
- die vermoë toon om doeltreffend te funksioneer binne die konteks van kurrikulumverandering wat in Suid-Afrika plaasvind;
- die verhouding tussen onderrig, leer, assessering, tegnologie en die kurrikulum op 'n kritiese wyse kan analiseer; en
- krities betrokke kan raak by kurrikulumevaluasie as 'n proses wat in kurrikulumontwerp veranker is.

**NAVS611** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 8**

**Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- onderwysteorieë, -konsepte en -idees kan definieer en beskryf;
- verskillende navorsingsparadigmas, filosofiese wêreldbeskouings en navorsingsbenaderings kan verduidelik en ondersoek;
- navorsingsvrae en -probleme in verskeie onderwyskontekste kan evalueer;
- etiese en betroubaarheidsoorwegings kan beskryf wat in berekening gebring moet word wanneer navorsing uitgevoer word; en
- ’n navorsingsvoorstel ontwikkel wat uitkomste 1 tot 4 integreer deur die gepaste formaat en verwysingsmetode te gebruik.

**OLTP611** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**Onderrig en Leer in Teorie en die Praktyk**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip toon van die grondslae van gehalte-didaktiek vir onderrig-en-leer-doeleindes;
- die vermoë toon om gehalte-onderrig en -leer te beplan, te benut, te evalueer en daaroor te reflekteer binne verskeie kontekste en leerareas;
- die vermoë toon om verskeie onderrigstrategieë soos direkte onderrig, bespreking, kleingroepe, koöperatiewe leer, probleemoplossing, navorsing deur leerders en gevallestudies binne verskeie kontekste en leerareas te gebruik;
- begrip toon vir die kompleksiteit daaraan verbonde om doeltreffende klaskamerbestuurstrategieë, soos doeltreffende klaskameruitleg en administrasie, te kies en toe te pas; en
- die vermoë toon om kreatiewe insig, nougesette interpretasies en oplossings vir onderrig-en-leer-probleme te bied wat binne die konteks en vir die leerareas gepas is.

**PNAV631** **Krediete: 30** **NKR-vlak: 8**

**Opvoedkundige Navorsing**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n probleem in ’n spesifieke veld of dissipline kan identifiseer, dit omskryf en daaroor navorsing kan doen;
- die projek kan beplan op grond van die probleem en navorsing wat binne ’n spesifieke veld of dissipline geïdentifiseer is;
- ’n navorsingsprojek met ondersteunende mentorskap kan uitvoer; en
- ’n goeie wetenskaplike navorsingsverslag kan saamstel, wat uitkomste 1 tot 3 hier bo integreer, deur die korrekte formaat en redigering te gebruik.

**Kurrikulumstudie: Internasionale Vergelykende Perspektiewe**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- diepgaande kennis en waardering toon van die vergelykende internasionale benadering tot kritieke kwessies in die onderwys en oor die vermoë beskik om die vergelykende metode toe te pas om lig op kritieke kwessies in die onderwys te werp;
- kennis en die vermoë toon om globale en nasionale kurrikulumontwikkelingstendense en –hervormings te assesseer;
- kennis en die vermoë toon om die noodsaaklikheid vir die internasionalisering van die kurrikulum en wêreldburgerskapsopleiding te evalueer;
- kennis dra van en oor die vermoë beskik om kurrikulumkartering, -veranderinge en -hersienings as konsepte te verduidelik en toe te pas; en
- kurrikula van verskillende nasionale onderwysstelsels kan vergelyk en op grond van inligting hieruit kan bepaal wat uit die ervarings van hierdie lande geleer kan word ten einde die inheemse onderwysstelsel te verbeter.